

Vrydag 9 Oktober

Skrifgedeelte: Habakuk 3

Fokusgedeelte: Habakuk 3:16

Deur jou geloof verander God jou wanhoop in vertroue

Die lewe is soms moeilik. Daar kom dae waar die pad vorentoe donker lyk. Dae wanneer die versugting by jou opkom: "Here ek kry swaar!" Dae wanneer dit so moeilik is om aan God vas te hou as alles om jou verkeerd loop. Dae waar jou wanhoop die oorhand kry.

Wanneer alles om jou donker lyk, verskuif jou perspektief van jou nood af na God toe. Dit is dan wanneer God jou wanhoop in vertroue verander.

In hierdie gebed van Habakuk leer die Here ons hoe om jou vertroue in Hom te stel. Habakuk onthou God se groot verlossingsdade in die verlede. Hy onthou hoe God as krygsman verskyn het om sy volk uit Egipte te red en ook God se hand in die gebeure by Sinai. Wat God reeds gedoen het, word die grondslag waarop hy sy hoop vir die toekoms bou. Selfs die magte van chaos kan God nie oorwin nie, want God veg daarteen met sy perde en strydwaens. Die hele skepping moet voor die almag van God buig. God trek uit om sy volk te red en Hy is self die waarborg dat sy volk nie vernietig word nie.

Wanneer Habakuk God se almag in herinnering roep, sidder hy en sy hele liggaam word lam, want hy besef God is in beheer.

Wanneer jou vyande, die chaos in jou lewe, dreig om jou te oorweldig, onthou wat God vir jou gedoen het. Onthou dat Jesus vir jou aan 'n vervloekte kruishout gesterf het om jou te red. Onthou: God is in beheer. Hy word nie onkant betrap nie.

Vertrou Hom en weet Hy is getrou. Hy het gister vir jou gesorg, Hy doen dit vandag en Hy sal dit beslis môre ook doen. Vertrou God en beleef hoe Hy jou wanhoop in vertroue verander.

Sing: Psalm 34-1:5

Ds. JG van der Walt (George) (Empangeni)